Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 46: *Ekev* (עקב) – Omdat

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה*, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het*. Deut. 7:12 – PWL[1]

Torah: Deut. 7:12 tot 11:25

Haftorah: Jes. 49:14 to 51:3

Hernieude Verbond: Matt. 6:33; Rom. 10:1 tot 3; 2 Kor. 5:21; 1 Thess. 4:1 en 2; Heb. 4:1 tot 7;Joh. 14:15, 21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5; 1 Joh. 5:3; Luk. 9:1; 10:19; Joh. 10:10; Rom. 8:31 tot 39; 1 Joh. 4:4; Rom. 2:28 en 29.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 46 wat afgelaai kan word by: Parashah46Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

"There are no advertisements, no brass bands, no posters, no huge tents" – Evan Roberts, The Story of the Welsh Revival by Eyewitnesses.

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

Ons leef in 'n tyd waar gelowiges in Yeshua die ware leer (evangelie) verwerp en dit nie gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel – hulle draai hulle ore van die waarheid af weg en glo fabels! Hierdie profetiese woorde van Paulus aan Timotheus het waar geword:

*Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk: verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering, **want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.*** 2 Tim. 4:1 tot 4 – PWL.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Ons leef ook in ‘n tyd waar die evangelie ‘n finansiële winsgewende bedryf geword het! Maar ons gesindheid moet ook soos die van Paulus wees.

Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie; maar as opregtheid, maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Messias. 2 Kor. 2:17.

In die lig van bogenoemde is die volgende waarheid komend uit die pen van Lee Grady (Calling All Jonahs: Don't Run if You Are Called to Speak!) die moeite werd om op ag te slaan:

Charismatic revivalist Arthur Katz, who died seven years ago, wrote about the power of true preaching in his 1999 book Apostolic Foundations: "The only one qualified to preach ... is the one who wants to run the other way, like Jonah. ... The man who sighs and groans when called upon to speak, who does not want to be there, who feels terribly uncomfortable ... is the man out of whose mouth the word of true preaching is most likely to come."

That is certainly not the way most of us view pulpit ministry in contemporary America. We celebrate the smooth and the polished. We measure the impact of a sermon not by whether hearts are slain by conviction but by how high the people jump when the preacher tells them what they want to hear.

That kind of carnal preaching may win the accolades of men, boost TV ratings and even build mega churches. But the kingdom is not built on smug self-confidence. We need God´s words. The church will live in spiritual famine until broken, reluctant, weak and trembling preachers allow His holy fire to come out of their mouths.

If you have a message from God, die to your fears, doubts and excuses, and drink the cup of suffering that accompanies the genuine call of God.

Daarom het Paulus vir Timotheus geskryf: *Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:* ***verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering...!!***

Van Moses kan ook gesê word: Hy het YHVH se boodskap aan Israel met ywer verkondig – tydig en ontydig. Waar nodig het hy leuens weerlê, bestraf en vermaan. Moses het met lankmoedighed die waarheid suiwer verkondig en nooit sy eie belange voorop gestel nie!

Bepeins of Bespreek

1. Het jy ‘n boodskap van YHVH jou God en Vader? Is hierdie boodskap een wat nie die gehoor van jou geliefdes en vriende gaan streel nie? Indien wel, is hierdie woorde ook vir jou bedoel: *Die to your fears, doubts and excuses, and drink the cup of suffering that accompanies the genuine call of God.* En onthou: Die profete van Israel was nooit gewild by die gemeenskap nie!

Deut. 7:12 – En Omdat Julle *Sh’ma*

Verlede week se Torah-Skriflesing (parashah 45) het afgesluit met Moses wat die volk aan die volgende drie dinge herinner het, naamlik:

Eerstens ‘n herinnering aan die verbond, naamlik:

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam. Deut. 7:9 – PWL.

Moses het Israel herinner dat hulle deel is van 'n liefdesverbond en dat YHVH die getroue verbondsvennoot is. Beide die verbond met Abraham (geloof tot redding) en die verbond van die Torah (gehoorsaamheid tot seëninge) is 'n liefdesverbond en vorm 'n eenheid – dit kan nie onafhanklik van mekaar funksioneer nie. Dit was geldig onder die ou verbond en dit is deur Yeshua met die nuwe verbond hernu! Daarom bestaan die nuwe verbond uit geloof tot redding en Torah-gehoorsaamheid tot seëninge!

Die verhouding tussen YHVH en Israel van die ou verbond, asook Israel van vandag was, en is steeds, 'n liefdesverhouding en liefde is nie afdwingbaar nie, maar is 'n vrywillige daad.

Die fondament van beide die ou en die hernieude verbond is dus liefde!! Liefde (vir YHVH en jou naaste) is soos die gordynreeling waaraan die wet en die profete (die gordyne) hang (Matt. 22:38 tot 40). Sonder liefde val die 'gordyne' op die grond en dien geen doel nie!

Maar die liefdevolle omgee van יהוה is van ewigheid tot ewigheid vir hulle wat Hom respekvol vrees en Sy onpartydige opregtheid vir die kinders se kinders, vir die wat Sy verbond onderhou en vir hulle wat Sy opdragte onthou om hulle te doen. Psa 103:17 en 18 – PWL.

As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit. Joh. 14:15 – PWL.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar." Joh. 14:21 – PWL

Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel. Joh. 15:14 – PWL.

Tweedens het Moses die volk herinner dat ongehoorsaamheid aan Torah 'n verbreking van die verbondsverhouding is en vergelykbaar is met 'n Godhater, asook dat YHVH met Sy haters persoonlik sal afreken.

maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal. Jy moet daarom die opdragte, die reëls en die wette wat ek jou vandag beveel, doen. Deut. 7:10 en 11 – PWL.

Om doelbewus te sondig, naamlik om Torah te oortree, is nie net 'n verbreking van die verbond van die wet nie, maar ook 'n verbreking van die verbond van Abraham!

Laastens het Moses die volk weereens daaraan herinner om Torah te *sh'ma* te *sh'mar* en te *asah* – te hoor, te bewaar en dit nougeset te doen.

Jy moet daarom die opdragte, die reëls en die wette wat ek jou vandag beveel, doen. Deut. 7: 11 – PWL.

Daarom begin hierdie week se parashah (*Ekev*) met die woorde:

Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig. Deut. 7:12 – PWL.

Die naam van hierdie parashah is afkomstig van die woord *ekev* (עקב) wat vertaal word as *omdat* (*because*). Die gebruik van *ekev* in Deut. 7:12 hou egter ‘n dieper betekenis in as die woord *kiy* (כי), wat meestal in ‘n sin gebruik word as *omdat* (*because, if*). *Ekev* beteken ook hakskeen in die sin van dit wat volg op die hakskene van ‘n persoon, of dit wat volg op (die resultaat is van) ‘n bepaalde handeling (aksie). In hierdie teksvers word *ekev* dus gebruik om dit wat op die hakskeen volg van die wat YHVH liefhet deur die verbond met YHVH te *sh’mah,* te *sh’mar* en te *asah*.

Die nageslag van Abraham wat Torah-gehoorsaam lewe, sal dus deur YHVH agtervolg word om aan hulle goed te doen!

Ek sal ’n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen en Ek sal hulle getrou in hierdie land plant, met My hele verstand, wil en emosie en met My hele lewe, want so sê יהוה*: ‘Net soos Ek al hierdie groot rampe oor hierdie volk gebring het, so gaan Ek al die goeie wat Ek hulle belowe oor hulle bring*. Jer. 32:40 tot 42 – PWL.

YHVH Yeshua is die Goeie Herder wat Sy skape in die spore van geregtigheid lei, naamlik in die spore van Torah. Dan sal goedheid en guns die skape volg, al die dae van hulle lewe (Psalm 23)!

Die Nageslag van Abraham en die Ware Israel

Wie is die nageslag van Abraham en wie is die ware Israel wat deel is van die belofte in Deut. 7:12, naamlik: *en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig*?

Paulus skryf in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Op grond van ons **geloof (vertroue) in Yeshua Messias is ons dus kinders van Abraham**, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Abraham is die vader van almal wat in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias glo (Rom. 4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene wat glo in Yeshua as Messias (Rom. 4:11). Ons is die kinders van Abraham uitsluitlik op grond van die genade van YHVH deur geloof in Yeshua. Hierdie belofte staan vas vir die hele nageslag, naamlik vir Jood en nie-Jood (Rom. 4:16). Elkeen wat uit die geloof is, word saam met Abraham geseën (Gal. 3:9). Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die wet (die Torah) te onderhou of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur geloof in Yeshua as Messias!

Dit is geloof wat ons die nageslag van Abraham maak. Abraham is deur geloof geregverdig verklaar (Gen. 15:6; Rom. 4:9) en dit is alleenlik deur geloof wat ons geregverdig verklaar word. Geloof is dus die gemeenskaplike faktor van ons familie verbintenis met Abraham.

Abraham is die begin (die aardse vader) van YHVH se volk wat Hy as Sy eiendom geneem het (Ex. 19:5 en 6; 1 Pet.2:9). *Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit ‘n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is* (Heb. 11:12). Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer ‘n onderskeid

tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias (Gal. 3:28). Ons is almal die kinders van Abraham wat deur geloof in Yeshua Messias die kinders van YHVH, ons Hemelse Vader, geword het.

Nou kan ons die betekenis van Paulus se woorde in Rom. 9:1 tot 6 verstaan ten opsigte van wie Israel is:

Ek praat die waarheid in eenheid met Die Gesalfde Een en ek lieg nie; my gewete getuig vir my in eenheid met die Gees van Afsondering dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my denke, wil en emosie, want ek het gebid dat ekself, ter wille van my broers, my bloedverwante na die vlees, vernietig sou word, weg van Die Gesalfde Een af. Hulle wat Yisra'el is, het ontvang: die plasing tot kinders, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God, die verbond, die geskrewe wet, die dienswerk daarin, die beloftes en die vaders en vanuit hulle het Die Gesalfde Een in die vlees verskyn, Hy wat God oor alles is, tot Wie lofprysing en seën is vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar. ***Dit is nie asof die boodskap van God gefaal het nie, want nie almal wat vanuit Yisra'el is, is Yisra'el nie.*** (PWL)

Het jy 'gehoor' wat Paulus sê, naamlik: Nie almal wat uit Israel is, is Isreal nie!!

Die vraag is dus: Wie is die ware Israel dan? Die antwoord: Almal wat Yeshua aangeneem het as Messias en wat YHVH se Torah onderhou! Dit is hulle wat vandag YHVH se volk Israel is!! Daarom het Yeshua gesê:

Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Matt. 8:11 en 12.

Eerstens sê Yeshua dat daar baie uit ander volke, en uit ander dele van die wêreld, naamlik Jode en nie-Jode (heidene; onbesnedenes) sal kom om saam met die Vaders (van die geloof in Yeshua) aan te sit (skuins te lê volgens die gebruik by 'n dinee) in die koninkryk van die hemele. Maar dan sê Yeshua dat die wat gedink het dat hulle volgens geboorte die kinders van Abraham is en daarom die koninkryk gaan beërwe, sal in die buitenste duisternis uitgedrywe word. Slegs diegene, Jood en nie-Jood wat wedergebore is deur vertroue in Yeshua as die Messias is die ware Israel.

Die volgende Skrifgedeeltes bevestig dit:

want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een, want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink. 1 Kor. 12:12 en 13 – PWL.

want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie."[3] *Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want* יהוה *is Een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep, want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van* יהוה *beroep, sal lewe hê.* Rom. 10:11 tot 13 – PWL.

In die lig van wie die kinders van Abraham is en wie die ware Israel is, mag die volgende 'n moontlike skok vir jou wees: **Rabbynse Judaïsme is nie deel van die ware Israel nie!!** Die rede is dat hulle Yeshua as die Lam van YHVH verwerp het! Omdat hulle Yeshua as Messias

verwerp het, sal hulle nie saam met Abraham, Isak en Jakob aansit in die koninkryk van die hemele nie, maar sal hulle uitgedryf word na die buitenste duisternis (Matt. 8:11 en 12)!

Paulus bevestig hierdie in hoofstuk 11 van die sy brief aan die Romeine, naamlik dat Israel van ouds wat Yeshua verwerp het, is die takke wat van die mak olyfboom (sinnebeeld van Israel) afgebreek is:

As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou! Sonder twyfel sal jy sê: "Die takke is afgesny sodat ek in hulle plek ingeënt kon word." Goed, hulle is afgesny omdat hulle nie vertrou het nie, maar jy staan deur vertroue. Moenie arrogant wees in jou gedagtes nie, maar vrees, want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou ook sekerlik nie spaar nie. Rom. 11:17 tot 21 – PWL.

Rabbynse Judaïsme glo dat hulle die ware Israel is, maar hulle is mislei en is besig om talle in die Christendom en die Messiaanse Beweging te mislei! Ons moet die woorde in Open. 2:9 en Open. 3:9 onderskeidelik nie vergeet nie!

"Ek ken jou lyding en jou armoede, maar jy is ryk; Ek ken ook die kwaadpraat van dié wat sê dat hulle Jode van Y'hudah is terwyl hulle dit nie is nie, maar deelgenote van die teëstander.

Let op, Ek kies uit die bymekaarkomplek van die teëstander, van dié wat van hulleself sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg. Let op, Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerval en weet dat Ek jou liefhet.

Die Grieks vir *Jode* is *Ioudaios* en beteken: *Jewish, belonging to the Jewish nation* en *Jewish as respects to birth, origin, religion* (Thayer's Greek Definitions; G2453).

Paulus verduidelik wie is die ware Jood wat deel van die ware Israel van vandag is:

Hy is nie 'n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dít is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. Inteendeel, hy is 'n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskrifte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God. Rom. 2:28 en 29 – PWL.

Maar kom ons keer terug na ons ons openingsvers van hierdie week se parashah waar ons gelees het:

Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen dat יהוה*, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig*. Deut. 7:12 – PWL.

Indien Israel Torah gehoorsaam, hou en doen, sal YHVH Sy verbond en Sy onverdiende guns eerbiedig wat Hy met Israel se voorvaders gesweer het, en Hy sal Israel liefhê en hulle seën en hul vermenigvuldig.

Hierdie belofte geld dus vandag vir die ware Israel, naamlik elkeen wat Yeshua as die Lam van God bely en Torah onderhou! Rabbynse Judaïsme het hierdie seën verbeur die dag toe hulle Yeshua as Messias verwerp het! Vir hulle geld Deut. 7:10 en 11!

maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal. Jy moet daarom die opdragte, die reëls en die wette wat ek jou vandag beveel, doen (PWL).

Maar is dit waar dat Rabbynse Judaïsme YHVH haat? Ja, want Yeshua het dit self gesê! En wanneer ons na hierdie woorde van Yeshua luister moet ons onthou wie dit is wat Hom vervolg het. Dit was die Fariseërs en Sadduseërs, asook daardie Jode wat hulle leerstellings aangehang het wat Yeshua se folterdood tot gevolg gehad het!!

Onthou die boodskap wat Ek vir julle gebring het: 'Daar is nie 'n slaaf wat groter is as sy meester nie.' As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My boodskap gehoorsaam het, sal hulle julle s'n ook gehoorsaam. Al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van My Outoriteit en Karakter ***omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie****. As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle geen sonde hê nie, maar nou is daar geen verwydering voor die gesig van hulle sonde nie. (Hulle sonde is weggesteek gelaat.)* ***Wie My ook al haat, haat ook My Vader****. As Ek nie die dade voor hulle oë gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen sonde hê nie sodat die boodskap wat in hulle wet geskryf is, vervul moes word:* ***"Hulle het My sonder oorsaak gehaat, maar nou het hulle gesien en ook My en selfs My Vader gehaat."*** Joh. 5:20 tot 25 – PWL.

Sal Yeshua nie vandag dieselfde van Rabbynse Judaïsme sê nie? Yeshua het die Fariseërs en Sadduseërs 'n addergelag genoem (Mat. 3:7) en daarmee verwys na die slang in die tuin van Eden wat die mens mislei het. Rabbynse Judaïsme het slegs die skyn van YHVH se uitverkore volk, maar tot tyd en wyl hulle nie Yeshua as die Lam van God aanvaar nie, is hulle die afgebreekte tak van die mak olyfboom!

Ons moet besef dat Rabbynse Judaïsme se vader is nie Abraham nie! Yeshua self het vir hulle, die voorgangers van hedendaagse Rabynse Judaïsme, gesê:

Ek weet dat julle die nageslag van Avraham is, maar julle beplan om My dood te maak omdat julle My boodskap nie begryp nie. Ek praat van wat Ek by Mý Vader gesien het; julle doen wat julle by júlle vader gesien het."
Hulle antwoord en sê vir Hom: "Ons vader is Avraham." Yeshua sê vir hulle: "As julle die kinders van Avraham was, sou julle doen wat Avraham gedoen het,
maar nou, let op, julle beplan om My dood te maak. Dit is Ek wat aan julle die waarheid vertel, wat Ek van God gehoor het. Dit het Avraham nie gedoen nie,
maar julle doen die dade van julle vader." Hierop sê hulle vir Hom: "Ons is nie uit seksuele immoraliteit gebore nie; ons het een Vader, naamlik God."
Yeshua sê vir hulle: ***"As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur****.*
Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie.
Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. *Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat.*
Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie?
Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie." Joh. 8:37 tot 47 – PWL.

Rabbynse Judaïsme het hulle eie geretigheid opgerig, want hulle verwerp die feit dat YHVH vir Yeshua wat geen sonde geken het nie, sonde gemaak het, sodat elkeen wat in Hom glo die geregtigheid van God in Yeshua kan wees (2 Kor. 5:21).

Paulus se hartseer is juis oor sy mede Jode wat YHVH se geregtigheid verwerp het:

Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Rom. 10:1 en 2.

MAAR ons moet onthou dat God het Sy volk wat Hy vantevore geken het nie verstoot nie (Rom. 11:2). Daarom het elkeen wat deel is van die ware Israel die verantwoordelikheid om daardie volk jaloers te maak deur ons voorbeeld van vertroue in Yeshua as Messias en deur ons Torah-gehoorsaamheid (Rom. 11:14). Ons liefde vir ons broers van die huis van Juda en van Efraim moet ons motiveer om Yeshua deur ons leefwyse te demonstreer. Ons moet nie '*practise what we preach'* nie, maar wel *'preach what we practise.'* Ons moet onthou wat Yeshua aan die Jode wat Hom as Messias verwerp het, gesê het:

Hy sê vir hulle: "Julle is van benede, Ek is van bo. Julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie. ***Ek het vir julle gesê dat julle in julle sondes sal sterf, want as julle nie vertrou*** **אנא אנא - *Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees*[7] *nie, sal julle in jul sondes sterf."*** Joh. 8:23 en 24.

Die Jood wat nie Yeshua as die Lam van YHVH tot versoening en vergifnis van sonde aangeneem het nie, sal weens sy sonde sterf!! Hierdie waarheid behoort ons almal nog meer te motiveer om die Jode lief te hê met 'n liefde wat Yeshua as Messias sal demonstreer.

Bepeins of Bespreek

1. Daar bestaan 'n siening by sommige Christene en Messiane dat Jode wat die Torah onderhou gered word sonder om Yeshua as Messias te aanvaar. In 'n artikel (*The risk of loving the Jewish people more than you love the Jewish Messiah*) geskryf deur Eitan Bar, 'n Messiaanse Jood wat in Israel woon, waarsku hy teen hierdie misleiding en sê hy: *My challenge for you today is not to love us Jews into hell, but to live up to the biblical mandate of provoking us to jealousy in Yeshua (Romans 11:11). Trust me, I myself am living evidence that it worked 16 years ago, and it's still working with many other Jews.* (*http://www.oneforisrael.org/blog/390-the-risk-of-loving-the-jewish-people-more-than-you-love-the-jewish-messiah*). In hierdie artikel haal hy die volgende aan uit John Hagee se boek: *In Defense of Israel*:

   - *"The law of Moses is sufficient enough to bring a person into the knowledge of God until God gives him a greater revelation…Everyone else, whether Buddhist or Baha'i, needs to believe in Jesus, but not Jews".*
   - *"The sovereign purpose for Jesus' life was to be a light to the Gentiles" (p. 133.)*
   - *"There is not one verse of Scripture in the New Testament that says Jesus came to be the Messiah…" (p. 136).*
   - *"The Jews were not rejecting Jesus as Messiah; it was Jesus who was refusing to be the Messiah to the Jews." (p. 140).*

- *"He refused to be their Messiah, choosing instead to be the Saviour of the world." (p 143).*

In sy artikel weerlê Eitan Bar elkeen van hierdie misleidende stellings van John Hagee. Die vraag is of jy dit ook uit die Skrifte kan weerlê? Lees ondermeer Matt. 15:24; Joh. 4:25 en 26 en Matt. 22:39.

2. Indien ons nie verstaan wie die ware kinders van Abraham is, asook wie die ware Israel is nie, loop ons gevaar om nie te verstaan wie die ware priesterorde is nie. Dan besef ons ook nie dat Rabbynse Judaïsme die teenstanders van YHVH is nie! Dan besef ons ook nie dat die huidige Jerusalem tydelik is nie, en daarom moet ons oë op die Hemelse Jerusalem gevestig wees! Die artikel van Ina van Niekerk "Die Banier van JaHUaH" gee meer insig hieroor en kan afgelaai word by: DieBanierJaHUaH

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.